Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

NGSO Seniorfase- en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys (09227031)

Duur van studie	1 jaar
Totale krediete	120
Kontak	Dr S Coetzee sonja.coetzee@up.ac.za +27 (0)124205555

Programinligting

Die NGSO bestaan uit 'n universiteitsgebaseerde leerkomponent (UBL) en 'n skoolgebaseerde leerkomponent (SBL). Die UBL-komponent word in die vorm van leerwinkels aangebied waartydens die studente ’n praktykteorie van en vir onderwys konstrueer. Vir die doel van die SBL-komponent word studente in twee vennootskapskole met verskillende samestellings vir 8 weke elk (16 weke in totaal) geplaas, waartydens hulle in die onderwyspraktyk betrokke raak terwyl hulle deur gekwalifiseerde mentoronderwysers en universiteitsdosente ondersteun en geassesseer word.

Vakkeuses moet voor registrasie tydens ’n oriënteringsessie met die pakket-koördineerder uitgeklaar word.

Toelatingsvereistes

Addisionele vereistes

Senior en VOO Fase Onderrig en Leer:

Vir SF spesialisering: Toepaslike graadmodules op 200-vlak geslaag (kyk programmodules).

Vir VOO spesialisering: Toepaslike hoofmodule geslaag op ten minste 200-vlak op NKR 7 (kyk programmodules).

Om as ‘n Eerste Taal onderwyser of Eerste Addisionele Taal onderwyser te kwalifiseer moet ‘n voornemende student alle akademiese modules tot op derde-jaar universiteitsvlak suksesvol voltooi het vir VOO en tweede-jaar universiteitsvlak vir SF; en het hul taalmagtiging in die spesifieke vak genoegsaam gedemonstreer.

Genoegsame taalmagtiging kan bewys word deur die slaag van erkende en geakrediteerde taaltoets sisteem; en/of oorweging deur die Dekaan in oorleg met die keuringskomitee na afloop van ‘n onderhoud.‘n Bewese taagebruiker besit reeds die volgende vaardighede:

- Het begrip vir ‘n wye verskeidenheid kompleks lang gedeeltes en kan implisiete betekenis herken.
- Kan idees vlot en spontaan verwoord sonder uitermatige soeke na uitdrukkings.
- Kan taal buigsaam en effektief gebruik vir sosiale, akademiese en professionele doelwitte.
- Kan gesproke en geskrewe inligting opsom, argumente herkonstrueer en samehangend aanbied.
- Kan hom/haarself spontaan, vlot en presies uitdruk deur te verwys na verskillende nuanses van betekenis selfs in die mees komplekse situasie.

Indien ‘n student toelating kry tot die NGSO en daar is bewys dat die student addisionele taalleer benodig kan die student versoek word om sodanige gespesialiseerde modules soos byvoorbeeld ENG 118 vir Engelse Grammatika ensovoorts gelyktydig te neem.

Vir Vreemde Taal Onderwys kan die volgende kandidate oorweeg word:

- Moedertaalsprekers: Tweede-jaar universiteit vlak vir VOO onderrig.
- Tweedetaalsprekers: Taal geslaag op Graad 12 vlak en tweede-jaar universiteit vlak of student moes derde-jaar universiteitsvlak geslaag het indien hy/sy die beginner kursusse tydens eertse jaar geneem het.

Ander programspesifieke inligting

Keusemodules

Kies twee van die volgende agt leerareas in ooreenstemming met die toelatingsvereistes (relevante akademiese modules word tussen hakies aangedui):

SPH 401 Tale (Afrikaans, Engels)

SPH 402: Wiskunde (Wiskunde, Toegepaste Wiskunde, Statistiek of enige ander verwante akademiese module)

SPH 403: Kuns en Kultuur (Kuns, Drama, Dans, Antropologie of enige ander verwante akademiese module)

SPH 404: Sosiale Wetenskappe (Geskiedenis, Geografie, Sosiologie, Politieke Weten-skappe of enige ander verwante akademiese module)

SPH 405: Lewensoriëntering (Sielkunde, Menslike Bewegingstudie, Rekreasie-kunde of enige ander verwante akademiese module)

SPH 406: Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (Ekonomie, Bedryfsekonomie, Entrepreneurskap, Ondernemingsbestuur, Rekeningkunde of enige ander verwante akademiese module)

SPH 407: Natuurwetenskappe (Biologie, Plantkunde, Dierkunde, Chemie, Fisika, Fisiologie, Genetika, Mikro-biologie, Biotegnologie of enige ander verwante akademiese module)

SPH 408: Tegnologie (Enige Tegnologie of tegniese of rekenaarverwante akademiese module)

Klasbywoning
Die onderwysersopleidingsprogramme van die Fakulteit Opvoedkunde is deur die Departement van Onderwys goedgekeur en geakkrediteer. Omdat die Fakulteit 'n hoë premie op die ontwikkeling van vaardighede en bekwaamhede plaas, is klasbywoning verpligtend vir onderwysstudente vir die volle duur van die opleidingsperiode soos deur SAQA (Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid) gespesifiseer.

Programaanbieding
Die NGSO bestaan uit 'n universiteitsgebaseerde leerkomponent (UBL) en 'n skoolgebaseerde leerkomponent (SBL). Die UBL-komponent word in die vorm van leerwinkels aangebied waartydens die studente 'n praktykteorie van en vir onderwys konstrueer. Vir die doel van die SBL-komponent word studente in twee vennootskapskole met verskillende samestellings vir 6 weke elk (12 weke in totaal) geplaas, waartydens hulle in die onderwyspraktyk betrokke raak terwyl hulle deur gekwalifiseerde mentoronderwysers en universiteitsmentordosente ondersteun en geassesseer word.

Eksamens en slaagvereistes

PPF 400 en PRO 410 en 420 word deurlopend en geintegreerd geassesseer aan die hand van

bekwaamheidsgebaseerde kriteria. Assessering en terugvoering word deurlopend gedoen, sowel as aan die einde van die eerste semester. Aan die einde van die jaar word van die studente verwag om hul professionele groei deur middel van ‘n portfolio te demonstreer.

Spesiale eksamens in die Fakulteit Opvoedkunde
’n Finalejaarstudent wat ’n maksimum van drie semestermodules of die ekwivalent daarvan gedruip het en ’n finale punt van minstens 40% daarin behaal het, kan deur die Dekaan toegelaat word om gedurende Januarie van die daaropvolgende jaar ’n spesiale eksamen in sodanige module(s) af te lê, mits die student hierdeur aan alle vereistes vir die sertifikaat kan voldoen.

Slaag met lof

Die NGSO word met lof uitgereik aan die student wat 75% in elk van die Professionele ontwikkeling (PPF 400), Leerfasilitering (FCL 400) en die spesialiseringsmodule(s) behaal het, sowel as ’n gemiddelde van 75% in die ander modules.

Algemene inligting

Rekenaargeletterdheid
Die rekenaargeletterdheid van alle studente sal deur middel van ’n vaardigheids-toets bepaal word. Studente word aan die hand van hul prestasie in die rekenaargeletterdheidstoets in 'n bepaalde rekenaargeletterdheidsmodulegeplaas.

Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 151

Alle "Fundamentele modules" en "Kernmodules" moet gekies word saam met een Senior Fase (SPH) module en een VOO Fase (V##) module as "Keusemodules". Kies net een van die "Kommunikatiewe vaardigheid" modules (CCW, CCI of CCZ 100). ‘n Vrystellingseksamen kan geskryf word.

Fundamentele modules

Globale en sosiale perspektiewe in opvoedkunde 401 (GPE 401) - Krediete: 8.00
Professionele praktyk 471 (JFP 471) - Krediete: 3.00
Grondslae van opvoedkunde 401 (FOE 401) - Krediete: 8.00

Kernmodules

Praktiese Onderwys 410 (PRO 410) - Krediete: 12.00
Professionele etiek en reg in onderrig en leer 410 (PEL 410) - Krediete: 6.00
Leerondersteuning onderwys 402 (JLD 402) - Krediete: 6.00
Inligtings- en Kommunikasietegnologie 410 (ICT 410) - Krediete: 6.00
Kommunikatatiewe vaardigheid: IsiZulu 100 (CCZ 100) - Krediete: 12.00
Leerfasilitering 401 (FCL 401) - Krediete: 12.00
Kommunikatatiewe vaardigheid: Setswana 100 (CCW 100) - Krediete: 12.00
Professionele ontwikkeling 401 (PPF 401) - Krediete: 8.00
Praktiese onderwys 420 (PRO 420) - Krediete: 12.00
Kommunikatatiewe vaardigheid: Sepedi 100 (CCI 100) - Krediete: 12.00
Leerteorieë en assessering 401 (LNT 401) - Krediete: 18.00

Keusemodules

Tale 411 (SPH 411) - Krediete: 20.00
Wiskunde 412 (SPH 412) - Krediete: 20.00
Natuurwetenskappe 417 (SPH 417) - Krediete: 20.00
Metodiek van Ingenieursgrafieka en Ontwerp 400 (VEG 400) - Krediete: 20.00
Metodiek van Geografie 410 (VGG 410) - Krediete: 20.00
Metodiek van Lewenswetenskappe 410 (VLW 410) - Krediete: 20.00
Metodiek van Ontwerp 400 (VDE 400) - Krediete: 20.00
Kuns en kultuur 413 (SPH 413) - Krediete: 20.00
Sosiale wetenskappe 414 (SPH 414) - Krediete: 20.00
Metodiek van Rekeningkunde 410 (VRK 410) - Krediete: 20.00
Lewensoriëntering 415 (SPH 415) - Krediete: 20.00
Ekonomiese en bestuurswetenskappe 416 (SPH 416) - Krediete: 20.00
Metodiek van Afrikaans 410 (VAF 410) - Krediete: 20.00
Metodiek van Dramatiese Kunste 410 (VDU 410) - Krediete: 20.00
Metodiek van Landbouwetenskappe 400 (VCG 400) - Krediete: 20.00
Metodiek van Musiek 410 (VMU 410) - Krediete: 20.00
Metodiek van Toerisme 410 (VTO 410) - Krediete: 20.00
Metodiek van Fisiese Wetenskap 410 (VNS 410) - Krediete: 20.00
Metodiek van besigheidstudies 410 (VBT 410) - Krediete: 20.00
Metodiek van Vreemde Tale 400 (VFL 400) - Krediete: 20.00

Metodiek van Verbruikerstudies 410 (VHT 410) - Krediete: 20.00
Metodiek van Lewensoriëntering 410 (VLT 410) - Krediete: 20.00
Tegnologie 418 (SPH 418) - Krediete: 20.00
Metodiek van Ekonomie 410 (VEK 410) - Krediete: 20.00
Metodiek van Visuele Kunste 410 (VVK 410) - Krediete: 20.00
Metodiek van Afrikatale 410 (VAT 410) - Krediete: 20.00
Metodiek van Engels 410 (VES 410) - Krediete: 20.00
Metodiek van Gasvryheidstudies 410 (VHS 410) - Krediete: 20.00
Metodiek van Wiskunde 410 (VWS 410) - Krediete: 20.00
Metodiek van Wiskundige Geletterdheid 410 (VWG 410) - Krediete: 20.00
Metodiek van Rekenaartoepassingstegnologie 410 (VRG 410) - Krediete: 20.00
Metodiek van dansstudies 410 (VDD 410) - Krediete: 20.00
Metodiek van Geskiedenis 410 (VGS 410) - Krediete: 20.00
Metodiek van Inligtingstegnologie 410 (VIG 410) - Krediete: 20.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.